Redaksioneel

Phil van Schalkwyk

Hierdie uitgawe van T.N&A bevat 'n sestal artikels waarvan drie gebaseer is op referate wat tydens die Sewende Internasionale Kongres van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN), Julie 2011, gelewer is. Hierdie kongres, met as tema *Intertaal en interteks*, was 'n viering van die verbondenheid van Nederlands en Afrikaans wat betref die taal- en die letterkunde. Die drie kongresbydraes staan duidelik in die teken hiervan.

J.C. Kannemeyer ondersoek J.M. Coetzee se betrokkenheid by die Nederlandse letterkunde, veral laasgenoemde se vertaalwerk uit die Nederlands, met besondere aandag aan Achterberg en die wyse waarop blootstelling aan hierdie digter se werk in Coetzee se eie *The Master of Petersburg* terugkeer. Prof. Kannemeyer is oorlede voordat hy sy bydrae finaal kon verwerk, maar die kwaliteit daarvan regverdig plasing met enkele redaksionele wysigings. Hiermee word hulde gebring aan John Kannemeyer wat 'n waardevolle bydrae ook tot die neerlandistiek in Suid-Afrika gelewer het.

Geert Buelens se bydrae bied kritiese perspektiewe op aannames aangaande die verband tussen die Afrikaanse en die Nederlandstalige letterkunde. Hy voer redes aan waarom vergelyking tussen die Afrikaanse en die Vlaamse literatuur meer voor-die-hand-liggend is. Antjie Krog onderneem 'n lesing van *Suske en Wiske: Kaapse Kaalkoppen* in terme van die komplekse visuele tekentaal van "strippe" om duidelik te maak hoe hierdie "strip" die gemanipuleerde voorstelling van die internasionale ikoon, Nelson Mandela, aantoon.

Hierdie uitgawe bevat ook drie bydraes wat nie uit bogenoemde kongres voortspruit nie. Cilliers van den Berg ondersoek die verband tussen plek en skuld in Armando se roman *De straat en het struikgewas*, veral in terme van die representasie van trauma. Ingrid Glorie lewer hier haar tweede en laaste artikel oor die studentevereniging "Ons Spreekuur" (1895-1919) van Stellenbosch. Olf Praamstra verken die rekonstruksie van identiteit in Nederlandse migranteliteratuur, en die representasie van die "Ooste" en "Weste" in hierdie verband, met verwysing na werk van Abdelkader Benali, Kader Abdolah en Hafid Bouazza.

Ek bedank die binne- en buitelandse keurders vir hulle deeglike werk. Spesiale dank gaan aan Wium van Zyl, die vorige redakteur, vir sy betrokkenheid by die redaksionele proses en vir reëlings in verband met die omslag en druk van hierdie nommer.

Noordwes-Universiteit